KOMMUNIKAMMA

NG KERK
KRAGGAKAMMA
ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE

Teks van die week: ***Jes 64:8 "U is ons vader, Here, Ons is klei en U het ons gevorm, ons is almal die werk van U hande."***

SAKE VIR GEBED

Johan Robbertse gaan vir 'n operasie.
Bid vir Helen Marais se familie. Haar skoonseun se liggaam is in die see gevind in Mosambiek, hy het vermoedelik verdrink.
Bid vir Anlie Claasen se familie vir vertroosting.
Isabel van Rensburg se suster is oorlede.
Bid vir al die bejaardes en almal in versorgingseenhede.
Die tweede kwartaal wat voorlê met vergaderings en kermis.
Die verkiesing wat op hande is.

Gebedsversoek vir Sirië:
Bid vir Christene in Sirië wat in areas leef wat deur rebellegroepe beheer en op 'n gewelddadige manier verdruk word. Bid vir krag en hoop**.**

GROOT LYDENSWEEK TOT PAASNAWEEK; 15-21 APRIL 2019

Ons gaan in hierdie tyd stilstaan by Jesus se lyding, kruisiging en opstanding uit Joh 18-20.
Die eredienstye en skrifgedeeltes is soos volg:

Datum	Teksvers
Maandag 15 April (09:00 en 18:30)	**Joh 18:1-14, 19-24; 28-40**
Dinsdag 16 April (09:00 en 18:30)	**Joh 18:15-18; 25-27**
Woensdag 17 April (09:00 en 18:30)	**Joh 19:1-16**
Donderdag 18 April (18:30 Nagmaal)	**Joh 19:17-27**
Goeie Vrydag 19 April (09:00)	**Joh 19:28-42**
Paasfees, Sondag 21 April (09:00)	**Joh 20:1-22**

Deurdankoffer by die Week van Gebed gaan vir Wêreldsending.

SONDAG 7 APRIL 2019

08:30 Eietydse diens
Kleuterkerk
09:45 Kategese
10:00 Klassieke diens
Welkom aan ds Ben Fourie van die Bybelgenootskap wat vandag die eredienste lei. Die deurdankoffer gaan vir die Bybelgenootskap.

Teebeurt vandag: Dahlia sel
Teebeurt 14 April: St Joseph sel

LYDENSTYD

Ons staan stil by Jesus se lyding en sterwe tot Vrydag 19 April 2019 (Goeie Vrydag).
Dit is 'n tyd van hertoewyding en gebed, afsondering en stilte. Dit is ook 'n tyd van verootmoediging en skuldbelydenis
Die kruis is altyd 'n simbool, maar word in dié tyd beklemtoon. Die kruis moet nie versier word nie. Dit is moontlik om wel 'n doringkroon en spykers te gebruik of 'n kruis met doringdraad toegedraai.
'n Kandelaar met 7 kerse kan ook gebruik word. Elke Sondag word 'n kers doodgeblaas tot die laaste kers op Goeie Vrydag.
Ons wil julle uitdaag om in dié tyd te vas van 'n gewoonte bv TV kyk of soetgoed of iets wat nie jou gesondheid sal benadeel nie. Gebruik vastyd om te fokus op God.

MAANDAG 8 APRIL

09:30 Biduur by KKU.
12:45-14:00 Gebedskild in die gebedskamer.
18:00 Getuienisbediening in die gebedskamer.
19:00 Dagbestuur.

DINSDAG 9 APRIL

11:00 Diens Stella Londt.
Leefkerk.

WOENSDAG 10 APRIL

18:00 Selleiersopleiding.
19:00 Kermis sameroepersvergadering.

DONDERDAG 11 APRIL – FONTEINVRIENDE

Om 09:30 kom CMR se seniorklubs ons besoek. Bloemendal reël die oggend. Ons gaan 'n heerlike vrugte *Pik en proe* oggend hê.
Verskillende klubs gaan items lewer, Kraggakamma ook.
Kom geniet 'n oggend van heerlike vermaak en kuier. (Psst. Onthou jul R10 randjies asb).

 # Imagine Kidz is weer hier! Al die maats van gr R tot gr 7 is welkom om gedurende 24-28 Junie 2019 te kom deel in die pret. Op hierdie stadium is ons dringend opsoek na Groepleiers (Gr 8 tot Gr 12) en

ook Stasieleiers (volwassenes). Indien jy deel wil wees van hierdie opwindende week, kontak Petru Vlok by 083 522 9880

NUWE INTREKKERS
Vul die groen vorm in die voorportaal in. U kan ook die kerkkantoor kontak by tel 041-3601484 of 'n e-pos aan Anita by admin@ngkraggakamma.co.za

VRYDAG 12 APRIL
MANNEBYEENKOMS
05:00 By Elandré Bosch, Lilylaan 68.

SONDAG 14 APRIL – Palm Sondag
08:30 Paassangdiens by Eietydse diens
"Dit is nou 08:30 en tyd vir Jerusalem Nuus. Die groot nuus vandag is dat Jesus van Nasaret gister gekruisig is …"
Kom kyk gerus volgende Sondag hoe Jesus verskeie mense se lewens geraak het tydens Sy tyd op aarde.
09:45 Kategese
10:00 Kategese

KERMIS WOENSDAG 1 MEI 2019
WAT GAAN DIE KERMIS LAAT WERK?
Jou gebed
Bid asseblief getrou vir die Here se seën op die kermis.
Jou betrokkenheid
Uit dankbaarheid vir ons verlossing, kan ons nie anders as om die Here te dien nie. Kom ons dien Hom saam met ons entoesiasme en gawes. Merk op die kermislys by watter tafel jy/julle betrokke wil wees.
Jou bydrae
Toon asseblief ook op die kermislys aan waar jy 'n bydrae wil lewer.
Kermislyste is in die voorportaal beskikbaar. Lyste moet voor eerskomende Woensdag 12:00 by die kerkkantoor wees.

Die koffiewinkel is asb op soek na mooi en lekker koeke, asook mense wat kan help by die kermis. Kontak Dossie by 082 957 6084.

MUSIEK TRIVIA AAND (deel van geesbou en fondsinsameling vir kermis)
Saterdag 27 April 2019 om 18:00 in ons kerksaal.
R60-00 perpersoon (Tafels van 8)
Kontak Niekie Oosthuizen by 041-3601484 in die oggend of 082 561 8747.
Bring jou piekniekmandjie en drinkdingetjie en maak jou hare bietjie los.
AWESOME pryse op die spel.

There4-Bedieninge
There4-Bedieninge sê dankie aan elkeen wat kom help pak het vir ons Irak-reis. Baie dankie vir elke donasie en gewillige hande wat gehelp het met die handwerk. Julle is vir ons kosbaar.

There4-Bedieninge het 'n veldtog geloods, naamlik Projek Hoop. Ons wil die kerk in Irak ondersteun deur fondse aan ons vennote te oorhandig, wat toegeken sal word om ons broers en susters te help met die volgende: Herbou van huise en kerk; kospakkies; mediese sorg, sowel as traumaberading soos benodig. Ons versoek aan jou is om biddend te oorweeg om 'n bydrae te maak vir Projek Hoop. Donasies kan tot en met 7 April by die kerkkantoor of by There4 se kantoor inbetaal word. Gebruik asb jou Van/Hoop as verwysing. Vir navrae kontak Nadia by 041-3601946.

VERBETERINGE AAN DIE KERKGEBOU
Die 1ste fase van verbeteringe aan die kerkgebou sluit in die bou van 'n verhoog, verbeteringe aan die moederskamer en klank in. Kontrakteurs van 4 maatskappye het die afgelope week by die kerkgebou bymekaargekom. Tenders sluit 25 Maart 2019. Daar word beplan dat die bouwerk tydens die Junie/Julie vakansie gedoen sal word. Terwyl die bouwerk gedoen word, sal alle eredienste in die saal plaasvind.

GOD'S KAROO WOMEN
Willowmore Skougronde op 2 & 3 November 2019
Sprekers: Danie Botha en Liesel Krause Wiid
Tema: God's Light through my brokenness
Registrasie: Aanlyn by www.godskaroowomen.co.za (R250.00)
E-Pos: godskaroo@gmail.com
Tel: 071 398 6397

SKRYWE VAN DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD
Die gemeente word hartlik bedank vir die finasiële bydrae wat die CMR ontvang het. Ons begroot om die CMR hierdie jaar met R23 400.00 te ondersteun.
Die bestuur van die CMR neem vrymoedigheid om die volgende versoeke te rig:
Daar is tans 'n 17 jarige dogter, wie se ouers oorlede is, wat in graad 12 is en gemotiveerd is om haar skoolloopbaan te voltooi. Sy woon by haar suster, wat self jonk is. Die dogter moet vir die bywoon van skool en ekstra klasse van vervoer gebruik maak. Dit kos R480 per maand. Die versoek is vir finansiële ondersteuning wat streng deur CMR geadministreer sal word. Daar is ook gereeld versoeke vir toiletware vir seuns en dogters wat nie deur hul ouers aan hulle verskaf kan word nie. Voorrade vir hierdie artikels word by CMR kantore gehou, maar is tans totaal uitgeput. Toiletware en fondse om die items aan te koop word benodig.
Die jaarlikse Kinderbeskermingsweek vind plaas van die einde van Mei tot 5 Junie 2019. Nagenoeg 2 500 kinders by 4 skole word bereik. Soos gewoonlik word beplan om aan elke kind iets kleins te gee om die boodskap wat deur die program uitgebeeld word, vas te lê. Die idee is om 'n liniaal met 'n boodskap hoe om selfbeskerming toe te pas daarop gedruk, aan elke kind te gee. Ons kort finansies daarvoor. Indien u wil help kan u ons kerkkantoor of Louria Möller by 082 823 0657 of 041-365 3515 kontak.